

# 1 Augustus

# Romeine 1:1-17

(Teks: 1:16)

## *Geen rede om jou te skaam vir die evangelie nie*

In hierdie wêreld waarin daar soveel gespesialiseerde en professionele kennis is, kan 'n persepsie posvat dat die evangelie weens die eenvoud daarvan 'n bietjie ouderwets en minderwaardig geraak het. Gelowiges kan hulle begin skaam vir die evangelie. In ons tyd word die indruk geskep dat die mens die vermoë en kennis ontwikkel om van die wêreld 'n beter plek te maak. Hier is nie meer ruimte vir 'n "kleinlike" beeld van die mens asof hy tot niks goed in staat is en asof hy 'n Verlosser buite homself nodig het nie. Daarom kan die Christen diep in sy hart begin twyfel of hy te midde van hierdie "gesofistikeerde" en "gevorderde" samelewing nog iets het om te bied. Wat kan die krag van die evangelie ontsluit wat die krag van geld, die krag van menslike kennis nie alreeds kan ontsluit nie?

Paulus het hom nooit geskaam vir die evangelie nie. Hy sê: "Ek staan teenoor 'n verpligting (Letterlik: Ek skuld) teenoor Grieke (gekultiveerdes) en nie-Grieke (barbare, growwe, ongeleerde mense), teenoor ontwikkeldes en ongeleerdes, en vandaar my begeerte om aan julle in roem die evangelie te verkondig. Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is krag van God tot redding vir elkeen wat glo." Die evangelie is nie net vir die eenvoudiges, ongeleerde mense in die provinsies wat geen droom het om te droom nie. Dit is ook vir die geleerde, gesofistikeerde mense van Rome! In die evangelie is 'n krag opgesluit wat 'n nuwe lewe vir hulle kan ontsluit wat hulle nooit deur al hulle politieke mag en luisterryke kultuur sou kon oopmaak nie! In die evangelie is 'n krag opgesluit wat 'n nuwe lewe vir hulle kan ontsluit wat hulle nooit deur al hulle politieke mag en luisterryke kultuur sou kon oopmaak nie! In die evangelie is die krag van God opgesluit. En hierdie krag is 'n reddende krag. Krag wat in Christus Jesus, die Gekruisigde en Opgestane, die donker skag van die sonde en die dood waarin ons vasgevang was, oopmaak, sodat ons die vars lug van die ewige lewe kan inasem en op pad is om dit ten volle in besit te neem, wanneer ons eers uit die tunnel van hierdie verganklike bestaan is. Wie hoef hom te skaam vir iets wat soveel oneindige krag en waarde het? Watter mens wat hierdie krag van die evangelie van Christus ken, kan dit as iets minderwaardig beskou?

Sing Psalm 116:1, 2, 3

Ds. F.W. de Wet (Uitschot)